Ds. PJ Kriel Lydenstyd 04.03.2024

Inhoud hierdie preek wys dat Jesus Christus met sy donkie-intog in Jerusalem gewys het Hy is die Messies-Koning wat die Kneg van Jesaja 53 is wat God se beloftes vir ons vervul. Hy is nie wie mense droom en wens Hy moet wees nie. Hy is nie die Leier van die onderdruktes teen die onderdrukkers wat die Joodse nasionaliste begeer het, die leier van die offerkultus wat mense in skuld voor God stel wat die priesters begeer het nie en ook nie die rolmodel vir die geestelike reëls waarmee die Fariseërs die wêreld wou transformeer na ‘n godstaat toe nie. Ons is die kerk van die Messias wat die Kneg was en so vir ons ‘n vrederyk geskep het.

Skriflesing Mat. 21: 1- 11; Luk. 19: 41 – 44; Joh. 12: 16 – 18.

Teks Mat. 21: 5: “ Kyk jou Koning kom na jou toe; Hy is nederig en Hy ry op ‘n donkie, op die vul van ‘n pakdier.”

Tema Christus vervul God se beloftes vir ons, nie ons drome, wense en begeertes nie.

1. Het Jesus Christus as Here gekom om ons drome, wense en begeertes waar te maak of om God se beloftes vir ons te vervul?

Dit is wat Christus met sy donkie-intog in Jerusalem doen: Hy kondig Homself op hierdie wyse vir die eerste keer in die openbare gemeenskap van die Jode aan as die Messias-Koning. Voorheen het hy dit net aan sy dissipels in Galilea openbaar maar hulle verbied om dit openlik aan te kondig.

Hierdie is die naweek direk voor die Paasnaweek. Jesus het op pad van Galilea af na die dorp Betanië net voor Jerusalem gekom en met sy dissipels en Lasarus Saterdag die Sabbat gevier. Kort van tevore het hy Lasarus hier uit die dood opgewek. Die volgende Sondagoggend voor die Paasfees gaan Jesus na Jerusalem as deel van die 2 miljoen Jode wat uit die hele Romeinse ryk besig was om vir Paasfees in Jerusalem aan te kom.

Jesus beveel 2 dissipels om in ‘n klein dorpie net voor Jerusalem, Betfage, ‘n donkie merrie en haar vul op te kommandeer met die woorde: “die Here het hom nodig!” (Luk. 19:34) Die Here het die 2 donkies nodig vir hoe Hy Homself as die Christus wil aankondig in Jerusalem – as die Here wat die Messiaanse vrede bring. Doelmatig en strategies wil die Here met die 2 donkies aankondig dat Hy die Christus is soos die profeet Sagaria die koms van die Christus as Koning openbaar het: “Juig, dogter van Sion! Jubel, dogter van Jerusalem! Kyk jou Koning kom na jou toe: Hy is regverdig en die oorwinnaar. Hy is nederig en ry op ‘n donkie, op die hingsvul van ‘n donkie merrie ... Hy sal vrede aan die nasies verkondig. Sy ryk sal van see tot see strek.” (Sag. 9: 9 en 10)

Die nederigheid wat Christus met die donkie-intog openbaar is nie ‘n houding van onderworpenheid en gedienstigheid aan God, die romeinse owerheid of die massa nie. Met die donkie-intog wys die Here Hy gaan nou in Jerusalem alles wees en doen wat oor God se Kneg van God in Jesaja 53 aangekondig was.

2. Met sy donkie-intog wys die Here Hy gaan Paasfees die volgende naweek die Christus wees wat God se Kneg is volgens Jes. 53: Hy gaan geen glansryke voorkom hê nie (53:2) Hy gaan deur die skare wat Hom as Koning uitroep en sy dissipels as ‘n valse Christus verag word wat deur God verwerp is (53: 3,4)Hy sal vir sondaar se oortredings deurboor word en hulle sondeskuld en straf dra. Sy lewe sal ‘n skuldoffer wees. (53: 5,6,10,11) Hy sal Homself nie verdedig as Hy aangekla en gevonnis word nie en saam met goddeloses sterf (53: 7 – 9) En dan sal Hy uit die dood uit opstaan om Christus en Here te wees (53:11) om vir sondaars in te tree (53: 12) om so God vir hulle te wees: ‘n Geknakte riet sal Hy nie afbreek nie, en ‘n rokende lamppit sal Hy nie uitdoof nie.”(Mat. 12:20)

Dit is hoe Jesus Christus die volgende naweek God se vrede sal bring en God se ryk op aarde vestig – deur in sondaars se plek hul straf en oortredings te wees sodat al is hul deur sonde geknak en doen hulle nog sondes, (lamppit wat rook) hulle in God se liefde sal leef. En die volgende Sondagaand kondig Christus dit na Hy uit die dood uit opgestaan het ook so aan: “ Aan My is alle mag gegee om God in liefde en genade met julle te wees. (Mat. 28: 18 – 20)

Wat Christus met die donkie-intog beplan het, het gebeur soos die Here dit beplan het. Hy gebruik die teken van Sagaria sodat die Joodse gemeenskap Hom as die Messias-Koning sal uitroep sonder dat Hy in ‘n woordelikse verklaring aankondig self aankondig dat Hy die Messias-Koning is. Hierdie uitroep deur die volk as Christus sonder om dit self te sê, is juis hoe Sagaria die openbare verskyning van die Christus aangekondig het. Die Jode het presies geweet wat die Here met die donkie-intog doen. As geloofsgemeenskap het hulle die aankondiging van die profeet Sagaria geken en geweet dat Jesus nou homself openbaar vertoon as die Messias, die Christus soos Sagaria dit openbaar het.

En daarom roep hulle Jesus uit as die Messias-Koning met al die titels van die beloofde seun van Dawid en Seun van God. (2Sam. 7: 11 – 16) Hosanna vir die Seun van Dawid wat kom soos God in die Dawidsbelofte beloof het. (Mat. 21: 9), Geseënd is die koninkryk wat kom, dié van ons vader Dawid (Mark.11: 10), Vrede i die hemel en heerlikheid in die hoogste. (Luk. 19: 37) “Die Koning van Israel! (Joh. 12:13)

3. Die Joodse Raad het ook presies geweet wat Jesus wys met sy donkie-intog en wat die skare met Jesus se teken doen – Hy maak aanspraak om die Christus-Koning te wees en die skare roep hom uit as die Messias-Koning! Bekommerd oor die impak van die uitroep van ‘n Joodse Koning tussen 2 miljoen Jode onder die mag van die Romeinse ryk vrees hulle ‘n opstand en oorlog. Daarom eis hulle dat Jesus nie hierdie aanstelling as Koning moet aanvaar nie en moet afwys. Die Here verwerp hulle eis en daarmee wys Hy, Hy aanvaar die koningskap wat hulle uitgeroep het.

Hierdie aanvaarding van die Messias-koningskap is die rede hoekom die Joodse Raad dan besluit om Jesus te vermoor. So bewerk die Here met sy Koningsaanvaarding sy eie dood.

Die wyse waarop die Here Jesus die skare se uitroep tot Messias-koning aanvaar is om te huil. As Hy oor Jerusalem huil, huil Hy nie oor die geboue nie, maar die mense

wat in Jerusalem gaan wees met Paasnaweek – presies net hulle wat Hom nou as Koning  uitgeroep het sal saam met die Joodse Raad Hom doodmaak binne 5 dae.

Hy laat hom deur die skare as Koning uitroep, maar weet Hy is nie die Christus wat hulle begeer, oor droom en voor wens nie. Hy verklaar dat hulle wat Hom as Koning uitgeroep het, nie die dinge wat Hy oor 5 dae gaan doen om vrede tussen sondaars en God te bring, sal herken as die mag van die Christus nie en dat hulle hierdie beslissende tyd waarin hy as Here gekom het, nie sal herken as die Koninkryk van God nie. (Luk. 19: 42,44) En dan maak die Here ‘n profetiese aankondiging oor hulle drome, wense en begeertes oor wat die Christus vir hulle moet kom doen. Hulle geestelike drome, wense en begeertes oor wie god vir hulle moet wees, gaan hulle gemeenskap verwoes. En dit het net so gebeur 37 jaar later. Jerusalem is tot op die grond afgebreek en die inwoners, man vrou en kind deur Rome doodgemaak vir die geestelike drome, wense en begeertes wat hulle Jesus as Koning voor uitgeroep.

Hulle wou nie die vrede met God aanvaar wat die Here Jesus Christus met Paasfees kom bewerk nie en die drome wat hulle wou hê Hy moes waarmaak, het hulle as gemeenskap vernietig.

4. Daar was 3 soorte drome oor die Christus gedroom gewees in die Joodse volk. Die eerste wys in hoe hulle Jesus beskryf: “Die skare het gesê: “dit is die profeet Jesus, die Een van Nasaret, in Galilea. Galilea was altyd die hartland van die Joodse opstand teen Romeinse onderdrukking. Terwyl Jesus ‘n kleuter in Nasaret in 6 n.C. was, het Judas die Galliër gewelddadig in opstand gekom teen Rome omdat hulle ‘n nuwe persoonlike belasting op die Jode ingestel het. Dit was in die dorp Seforis. ‘n uur se stap van Nasaret. Hierdie geestelike nasionaliste het verklaar hulle is net knegte van God volgens Jes. 53. en nie  Rome se knegte nie. Hulle het geglo die Messias sal hulle wat as knegte van God vir sy eer oorlog maak, kom help as die onderdruktes teen die onderdrukkers. Dit was hierdie geestelike nasionalisme wat die Jode as nasie in 70 n.C. as volk vernietig het.

Die priesters het die volk geleer om te droom van ‘n Christus wat die tempel en offers in die tempel die magsentrum van God op aarde sal maak. God sal al die nasies skuldig laat wees en hulle sal hul saak met God kom reg maak met offers in die Joodse tempel in Jerusalem. So sal alle nasies aan God en sy priesters onderwerp word om God se seëninge met offers vir hulle sondeskuld in die tempel te kom kry. Hierdie Jode het gedroom die Christus sal so alle nasies tot oorgawe aan God en die Jode bring – met skuld en offers.

Die Fariseërs het die volk weer geleer dat die politieke onderdrukking deur die Romeine is God se straf omdat hulle nie gehoorsaam aan die wette van God leef nie. Hulle het geglo en geleer dat as mense God gehoorsaam volgens hulle vroomheidswette, sal hulle deur hulle gehoorsaamheid vir die Christus ‘n koninkryk oprig en dan sal Hy in hierdie koninkryk kom om alle nasies aan die regverdige en gehoorsame Jode te onderwerp.

Met hierdie drome, wense en begeertes in hulle harte het die skare Jesus as Koning uitgeroep: ons is die onderdrukte knegte van God wat die Christus van ons onderdrukkers sal bevry, die Christus gaan alle nasies God se knegte maak wat hul skuld met offers in die tempel moet kom regmaak en ons gaan ons so bekeer en

gehoorsaam aan God wees dat ons vir die Christus 'n koninkryk sal oprig om alle mense as knegte aan die gehoorsame Jode sal kom onderwerp.

Oor hierdie drome en wense het Jesus gehuil want in hierdie drome en wense kon hulle Hom nie as Kneg van God erken en sy lyding, kruisiging en opstanding die dinge herken waardeur God vrede vir sondaars bring nie. (Luk. 19: 42, 44)

5. Is ons hulle wat die dinge besef wat Jesus Christus gedoen het om vrede tussen ons en God te bring en in Jesus Christus die beslissende tyd herken waarin God ons besoek (Luk. 19: 42en 43) of is ons die geestelike skare oor wie die Here Jesus Christus gehuil het?

Kom ons toets dit saam met mekaar. Die nasionaal godsdienstige Jode het geglo hulle is God se knegte volgens Jes. 53 wat as onderdruktes teen die onderdrukkers, Rome, in God se Naam veg. Oor hulle het Jesus gehuil. In ons eie kerk word God voorgehou as God wat op 'n besondere wyse die God van die onderdruktes is en op 'n besondere wyse God teen die onderdrukkers is. In kerklike vergaderinge word geleer dat Jesus nie die Kneg van Jes. 53 is maar ons elkeen en dat elkeen vir God 'n vegter moet word vir onderdruktes teen onderdrukkers. Dit is hierdie kerk oor wie die Here Jesus Christus op sy donkie gehuil het. Want hulle sien nie meer in hulle geestelikheid veglustigheid nie dat Hy alleen die lydende Kneg is om God se vrede te bring: vrede omdat Hy wat mense wat deur hul eie sonde geknak is, nie deur ander se onderdrukking nie, nie sal afbreek nie en mense wat nie sonder sondes kan leef nie, nie sal uitdoof nie.

Die priesters en offerbedryf in die tempel vandag is die kerk wat jou altyd voor God skuldig stel sodat jy jouself moet opoffer en aan God se mag moet onderwerp. Hierdie nuwe priesterbedryf sien ons in drie nuwe kerklike feesdae wat so stil-stil in die kerk ingebring is deur geestelikes: As-Woensdag, Lent en Palmsondag. As-Woensdag is sommer so selfopgemaakte fees, sonder enige Bybelse voorbeeld, waarin die palms van die vorige jaar se Palmsondag verbrand word en die as met olie gebruik word om op mense se voorkoppe kruise te verf. Die kruis moet jou wys om skuldig voor God te staan en in berou jouself voor God te kruisig. Lent beteken om van die Woensdag vir 40 dae lank voor jou sondeskuld te staan en jammer te wees en dan kom Palmsondag waarin die kinders Jesus met palmtakke in die kerk verwelkom.

So maak hulle asof hulle saam met Jesus in en deur sy lydenstyd saam met hom loop terwyl Jesus alleen as Kneg was wat sonder die begrip of ondersteuning van sy dissipels hul sonde gedra het. Die vreugde van die Here se lydenstyd as die tyd waarin ons skuldloos, strafloos en offerloos in die vreugde van God se liefde leef, raak so in hierdie selfopgemaakte seremonies verlore. Ons is nie die kerk wat vir die Here palmtakke swaai nie. Dit was die skare oor wie hy gehuil het.

6. Wie is die Fariseërs van Paasfees?

Hulle wat jou leer dat as jy hulle geestelike wette gehoorsaam sal jy vir Jesus 'n koninkryk op aarde oprig waardeur Hy as Messias kan kom regeer. Dit is die nuwe geestelike koninkryk van die sogenaamde Lentfees. Hulle leer openlik dat jy nie meer net moet glo in wat die Here Jesus vir jou gedoen het nie, maar dat jy sy

gewoontes jou eie gewoontes moet mak sodat jy die karakter van Jesus kan kry. As jy Jesus se karakter het sal God die wêreld deur jou geestelikheid transformeer en sal Jesus so die wêreld regeer.

So sien hulle nou in die lyding, stewe en opstanding van die Here in Paastyd sogenaamde gewoontes van Jesus wat ook jou gewoontes moet word. Jy moet jouself soos Jesus in Getsemane in spesiale gebedsplekkies afsonder. Jy moet jou eie Getsemane soos Jesus beleef, Soos Jesus homself nie verdedig het nie en ander se sondes op homself te vat het moet jy die gewoonte aanleer om jouself nie te verdedig nie. Soos Jesus homself laat kruisig het, moet jy die gewoonte aanleer om jouself, jou eie-ek en jou eie lewe te kruisig. Soos Jesus nederig op ‘n donkie in Jerusalem ingery het moet jy ook die gemeente van nederigheid inoefen deur met ‘n Tata en nie met ‘n Range Rover te ry nie. So transformeer jy nou kamstig die wêreld met Jesus se karakter.

Hierdie is die kerk waaroor die Here Jesus huil Hulle herken nie die dinge van die beslissende tyd waarin Jesus alleen die Kneg van God is nie. Hulle wil nie sy oorwinning leef nie maar saam met Hom sy pad as Kneg af van God saamstap en saam beleef – om Jesus kamstig Koning te maak.

Ons is die kerk wat in die vrede leef wat die Here kom skep het. Ons besef wat Hy in en deur sy alleen lyding doen en herken die beslissende tyd waarin God ons kom besoek het. ons maak nie met ons vroomheid nuwe beslissende tye vir God op nie.

Kom ons wees die kerk in die Here se vrede en verwerp die kerk oor wie die Here gehuil het. Want die Here het self verklaar dat die kerk vir die onderdruktes teen die onderdrukkers, die kerk van skuld en offers en die kerk met geestelike reëls waarin hulle die Here Jesus naboots is ‘n self vernietigende kerk net soos hierdie geestelikhede van die Jode die oorsaak van Jerusalem se vernietiging was.